higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VRAGLOGISTIEK
NKR VLAK 3

(11020263)

7 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

NCV

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

NCNC

AFDELING A

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Dit is goeie praktyk om kliënte om verskoning te vra vir enige ongerief wat 'n onderneming hulle aangedoen het.

1.2 Bote en stoomskepe het in die verlede goedere en passasiers op riviere en kanaalroetes vervoer.

1.3 Voorraadbeheer help om te alle tye baie hoë vlakke van voorraad te hou.

1.4 Sement kan deur middel van 'n pypleiding gepomp word.

1.5 Herwinning verseker dat die omgewing met onooglike afvalmateriaal bestrooi word.

1.6 Die SEB-status van 'n verskaffer is nie belangrik in die vraglogistiekbedryf nie.

1.7 Entstowwe moet teen kamertemperatuur vervoer word.

1.8 Goedere wat deur reën beskadig is, kan nie geberg word nie.

1.9 'n Uitvoerder kan beheer oor goedere behou totdat betaling ontvang word.

1.10 Verspreiding is die beweging van mense of goedere deur middel van verskillende vervoermodusse.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Kies 'n item uit KOLOM B wat pas by 'n beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1	Gerieflikste om vloeistowwe te vervoer.	A	eksterne kliënt
2.2	Bidvest, Imperial, Vector	B	palletstapeling
2.3	Toewysing van dele van die sakeproses aan 'n eksterne diensverskaffer	C	pypleidingvervoer
2.4	Verbind twee plekke op 'n heuwel	D	sleutelbedryfspelers
2.5	Beskerm die regte van die kliënt	E	gevaarhoudende afval
2.6	'n Doeltreffende manier om goedere wat vervoer of gestoor moet word te konsolideer	F	Wet op Verbruikersbeskerming
2.7	Goedere word op 'n spesifieke vaste roete vervoer	G	voerband
2.8	Enige afval wat organiese of anorganiese elemente of verbindings bevat	H	kabelbaan
2.9	Instandhouding wat uitgevoer word sodra 'n komponent onklaar geraak het	I	reaktiewe instandhouding
2.10	Mense buite 'n maatskappy wat vir goedere of dienste betaal	J	voorkomende instandhouding
		K	uitkontraktering

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 20

AFDELING B

VRAAG 3

3.1 Daar is verskeie redes waarom 'n mens 'n bepaalde vervoermodus sal kies om vrag te vervoer.

3.1.1 Noem DRIE nadele wat die lugvervoer van goedere inhou. (3 × 2) (6)

3.1.2 Noem TWEE voordele wat die vervoer van goedere per water inhou. (2 × 2) (4)

3.2 Noem VYF tipes voorraad. (5 × 1) (5)

3.3 Identifiseer VYF veiligheidsmaatreëls by die hantering van materiaal. (5 × 2) (10)
[25]

VRAAG 4

4.1 Noem DRIE tipes materiaal wat vir primêre verpakking gebruik word. (3)

4.2 Verduidelik kortliks hoe die volgende tipes vrag tydens vervoer bedwing word.

4.2.1 Kiste en palette ('Packs and Pallets')

4.2.2 Rolle en dromme

(2 × 2) (4)

4.3 Noem VIER tipes vulstof wat in industriële verpakking gebruik word. (4)

4.4 Gee DRIE voorbeelde van produkte wat beskerm word deur van gevormde pulp gebruik te maak. (3)

4.5 Gee drie redes waarom dit belangrik is om pakkette van etikette te voorsien.
(3 × 1) (3)

4.6 Gee TWEE voorbeelde van belangrike inligting wat op verpakking aangetref word. (2 × 2) (4)

4.7 Noem kortliks VIER eienskappe van vraagvooruitskatting. (4 × 1) (4)
[25]

NCV

VRAAG 5

5.1 Gee DRIE moontlike gebruike van vurkhysers in 'n pakhuis. (3 × 2) (6)

5.2 Noem VIER bergingsopsies vir klein items in 'n pakhuis. (4 × 1) (4)

5.3 Noem DRIE vraagvooruitskattingstegnieke. (3 × 1) (3)

5.4 Daar is 'n verskeidenheid betalingsopsies om vir goedere op bestelling te betaal.

Noem TWEE van die bogenoemde opsies. (2 × 1) (2)
[15]

VRAAG 6

6.1 Stel EEN ondernemer vir elk van die volgende goedere/dienste voor:

6.1.1 Olie

6.1.2 Buitebande

6.1.3 Voertuigopsporingstelsel

6.1.4 Binnelandse lugredery

6.1.5 Koerierdienste

(5 × 1) (5)

6.2 Beskryf kortliks die volgende stappe in bestellingverwerking:

6.2.1 Roetebepaling

6.2.2 Uitsoek

6.2.3 Verspreiding

(3 × 2) (6)

6.3 Noem VIER maniere waarop bestellings geneem kan word. (4)

6.4 Gee TWEE doeleindes van 'n faktuur. (2 × 2) (4)

6.5 Noem VIER ander dokumente (behalwe 'n faktuur) wat in die bestelsiklus gebruik word. (4)
[23]

NCV

VRAAG 7

7.1 Beskryf kortliks EEN rol van elk van die volgende afdelings in die vraglogistiekomgewing:

7.1.1 Finansies

7.1.2 Mensehulpbronne

7.1.3 Gesondheid en veiligheid

7.1.4 Inligtingstegnologie

(4 × 2) (8)

7.2 Bespreek minstens VYF elemente ten opsigte waarvan vervoerverskaffers op inligtingstelsels staatmaak. (5 × 1) (5)

7.3 Gee DRIE redes waarom 'n maatskappy naverkoopdiens behoort te lewer. (3 × 2) (6)

7.4 Waarvoor staan die akroniem WBGV? (1)

7.5 Noem TWEE stukke wetgewing wat negatiewe omgewingsimpak, soos afvalverwydering en skrootaktiwiteite, in Suid-Afrika minimaliseer. (2 × 1) (2)

[22]

VRAAG 8

8.1 Verduidelik die volgende metodes van berging en skrootverwydering:

8.1.1 Hergebruiksentrums

8.1.2 Hervervaardiging

8.1.3 Hervullingsprogramme

8.1.4 Herbenutting

(4 × 2) (8)

8.2 Beskryf VIER kernelemente van 'n beleid oor die hantering van goedere wat teruggestuur word. (4 × 2) (8)

8.3 Noem TWEE faktore wat oorweeg moet word wanneer 'n beleid vir teruggestuurde goedere ontwikkel word. (2 × 1) (2)

8.4 Definieer die konsep 'waarheidsmoment'. (2)

[20]

TOTAAL AFDELING B: 130
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou